Suzaan Steyn

Sy het een van daardie stemme wat die luisteraar op sy of haar gemak laat voel. ’n Sterk, dog goue, stem waarmee sy ’n lieflike, afgeronde Afrikaans praat. Haar taalgebruik is dalk soms formeel, maar Suzaan Steyn is alles behalwe styf. WORTEL STRYDOM het by dié nuusleser en radiopersoonlikheid gaan kuier.

Richard's.

"Dit was die enigste eetplek wat tot eenuur, tweeuur in die nag oop was," vertel sy terwyl haar hande beduie.
Suzaan sê sy en haar vriende het nie veel aande in die middedorp deurgebring nie. Hulle het by huise bymekaargekom en rooiwyn gedrink en só saam gekuier. En wanneer hulle na opwinding opsoek was, sê sy met so 'n half-stoute glimlag, "het ons weggeglip stad toe".

Sy praat teen 'n stywe tempo en hoewel dit dieselfde stem is wat wêreldsake vir die massas aanbied, is die gesprek lewendig en vol gekskeerdery. Sy raak telkens iets kwyt "wat jy tog net nie moet skryf nie".

Op Stellenbosch was Richard's darem altyd daar as die laatnaghonger 'n mens beetpak. Ongelukkig moes ek aan haar die nuus breek dat dié koswinkel omtrent vyf jaar gelede sy deure gesluit het. Gerugte het destyds op die kampus die rondte gedoen dat 'n rot in die olie gevind is. Sy frons. En ek wonder of dit nou Suzaan die TV-nuusleser is wat die meriete van die rot-storie oorweeg, of Suzaan van RSG se Gesondheid Sonder Grense wat dink dat dit darem nie deel van 'n gebalanseerde dieet moet wees nie, of Suzaan die student wat hoop dat sy nie op die verkeerde aand daar slaptjips gekoop het nie.

Ons sit in 'n radio-ateljee van die SAUK. Ek druk op 'n toonbank, Suzaan lyk heel tuis langs die rekenaarskerm, 'n groot mikrofoon hang naby.

Sy leun gemaklik terug en sê: "Ja, Richard's was daar naby Hombré."

Hombré? Maar dié manskoshuis was dan langs Majuba, waar Sonop nou is, sê-vra ek.

Nee, nee, verduidelik sy, Sonop wás in haar dae tussen Irene en Majuba. Sy sal weet, sy het immers in haar eerstejaar in Sonop gebly. Hombré het daar op 'n straathoek naby die Stadsaal gestaan, sê sy amper asof sy 'n nuusbrokkie deel. "In elk geval, dit was só toe ek daar was.''

Maar baie het intussen verander. Ek vertel van 'n nuwe koshuis waaraan die bouwerk onlangs afgehandel is en sy vertel hoe ingenome sy is met die lekker klomp koffiewinkels in die jongste uitbreiding in Kerkstraat. Daar waar studente, *yuppies* en toeriste lyk of hulle die hele dag kan omsit.

"Wat hét ons gedoen?" herhaal sy die vraag wat ek aan haar gestel het. "Mmm, wat het ons gedoen?" Sy dink dadelik aan kaasmiddagetes by Lanzerac en onthou 'n wyntoer of twee, dis al. Tog lyk dit of sy 'n hele paar bulletins sou kon volmaak met stories uit haar drie jaar op Stellenbosch.
In 1983 het Suzaan in die Eikestad aangeland en drama begin studeer. Sy het in Ceres grootgeword en skoolgegaan tot standerd agt, toe haar gesin na Middelburg (in die ou Kaapprovinsie) verhuis het. Dáár het 'n opvoering van Pieter Fourie se "Mooi Maria" haar só beïndruk, dat sy besluit het om dié belangstelling verder te voer.

"Terwyl ek dit geswot het, het ek eintlik al geweet ek is nie regtig 'n *performer* nie," sê sy in haar afgeronde stem. Sy praat die taal op 'n mooi manier – suiwer, dog lewendig – maar rasper soos ons almal 'n woordjie of twee Engels tussenin.

Ná haar studies het sy gewerk op 'n lemoenwynmakery in die destydse Oos-Transvaal, 'n seiljag in Turkye, en 'n vrugtefabriek in Switserland, voordat sy by *Die Burger* in Kaapstad begin het.

Maar dit was nie die laaste van haar getoer nie.

Suzaan sê sy is lief vir reis en sou "elke week, nee elke dag, weggaan." Sy hou van eilande en veral van "die son en die see en die hitte". 'n Rukkie gelede was sy in die Seychelles. Nou brand sy om Kuba toe te gaan, omdat dit is asof die eiland in 'n tydkapsule van die 1960's vasgevang is. Maar daarvoor raak die tyd min en sy wil die land van Fidel en sigare nog besoek voordat daar ook 'n McDonalds oopmaak.

By *Die Burger* was sy "mal oor 'indrukstories', jy weet mos daardie stories waarvoor jy na 'n plek toe moet gaan en dan skryf oor wat jy sien en die watter indruk dit op jou laat".

Daarna het sy artikels begin skryf en eers by *Sarie* en later *Huisgenoot* gewerk. Haar sosiale lewe was besig en sy het hordes mense ontmoet. Een van hulle was die bestuurder van KFM, wat vir haar gesê het dat sy 'n goeie stem het en moet ingaan vir 'n stemtoets by dié Wes-Kaapse radiostasie.

Nadat sy aanvanklik 'n bietjie skrikkerig was vir die toets, het hulle haar omgepraat en het sy die toets geslaag. Teen 1994 het sy oor KFM begin nuuslees. Daarna het sy op TV in die streeksnuusbulletin, *Kaap om Ses,* begin diens doen en ook programinsetsels vervaardig. "Ek was toe al lank in die pers en ek het lekker baie kontakte gehad."

In 1995 het sy 'n oudisie by die SAUK gedoen. Sy onthou nog dat Riaan Cruywagen haar destyds in die gebou rondgeneem het.

Eers vyf jaar later het die openbare uitsaaier vir haar die werk as nuusleser aangebied.

Dit is waar sy nou is en Suzaan sê sy is doodgelukkig.
Nie eintlik 'n *performer* nie? dink ek.

Deesdae het sy daagliks 'n gehoor van 'n paar miljoen mense.

Suzaan in 'n kits:

Mees onlangse vakansiebestemming: Thailand
Onlangs gelees: 'n biografie van Pablo Neruda
Eerste werk: By 'n lemoenwynmakery op Witrivier
Jongste projek: "Vermaak" op RSG; Aanbieder van "Gesondheid Sonder Grense" en mede-aanbieder van "Monitor";
Lees sedert 2000 die Afrikaanse Nuus op SABC2.
Oor die taaldebat: "Ek was in Desember in Stellenbosch, maar het nou nie juis onderhóúde gedoen om uit te vind wat presies daar aangaan nie."
Oor Afrikaans: "Dis die enigste taal wat ek regtig kan praat."
Oor die lewe: "Iets wat so wonderlik is van die lewe vandag, is dat alles nou so oop is. Mense kan dinge bevraagteken en vir hulle self dink."
Oor haar ervaring in die radiowese: "Radio is 'n fantastiese medium."
Oor reise en bestemmings: "Ek dink orals is daar iéts."

TYDLYN:

1985: Behaal dramagraad aan die US
1988: Begin as verslaggewer by Nasionale Pers, nou Media 24
1994: Begin nuuslees vir KFM; Lees TV-nuus vir *Kaap om Ses*
1998: Begin as vryskut-aanbieder by Monitor en Spektrum op RSG
2000: Begin TV-nuus in Afrikaans lees by SABC2 en werk as nuusleser en kontinuïteitsaanbieder by RSG
2003-2004: Mede-aanbieder van Monitor op RSG
2004: Begin *Gesondheid Sonder grense* op RSG saam met die CareCross Dokternetwerk
2006: Begin *Vermaak* op RSG

Foto's: Loanna Hoffmann